DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. WOENSDAG, 30 MAART 1955. No. 3

# EENHEID, KRAG, OORWINNING

## TOEGEWENS IN BOODSKAP DEUR A.S.B.-PRESIDENT

„Ek is bly om te kan sê dat dit op die oomblik met die Afrikaanse Studentebond so goed gaan soos seker in geen enkele jaar sedert sy stigting nie. Want eindelik kan ons nou, vir die eerste keer sedert die stigting van A.S.B., sê dat die studente van **alle** Afrikaanse universiteite en kolleges in ons land lede is van die A.S.B. Deur die stigting van A.S.B.-takke 'n week of wat gelede aan die onderwyskolleges Oudtshoorn, Graaff-Reinet en Wellington, kom ons ledetal nou te staan op om en by 14,000 studente — voorwaar 'n rekordgetal!

„Nog nooit tevore in die annale was alle Afrikaanse studente in ons land in so 'n hegte eenheid saamgebind soos wat op die oomblik die geval is nie.

Op ons eerskomende kongres in Pretoria sal ons vanjaar hopelik 5 nuwe takke kan verwelkom: die bg. drie asook Heidelberg Onderwyskollege en Pretoria Normaalkollege (Na-uurs).

„Ek sien geen rede waarom A.S.B. nie vanaf nou, nadat die ideaal van **eenheid** eindelik verwesenlik is, sy volwaardige plek sal volstaan in die breëre studente- en volkslewe nie. Ons het nou gladnie meer enige bekommernis oor studente wat aan kolleges sit, en nog nie ingeskakel is by A.S.B. nie — dis 'n probleem van die verlede. Nou het die tyd aangebreek dat A.S.B. uiteindelik so sy plek sal volstaan op elke plek waar hy reg het op 'n staanplek, soos alreeds baie jare oor gedroom is. Want die tyd van drome is verby. Die droom het 'n werklikheid geword.

„Ons volgende onmiddellike mylpaal is natuurlik die ek. Kongres gedurende die April-vakansie. Mag ek hoop dat dit in die ware sin van die woord 'n reuse-kongres gaan wees. Uit die suide kom bv. alleen by die 50 verteenwoordigers — baie meer as enige vorige jaar. Ons kongrestema: „Afrikaanse Ekonomiese Selfstandigheid" en die groot verskeidenheidskompetisies — ook meer as ooit tevore — behoort meer as genoeg belangstelling te prikkel.

### GESONDE KRITIEK WELKOM

„Wat ons kongresbesprekings self aanbetref, wil ek graag egter een saak beklemtoon: **Gesonde kritiek op A.S.B. is altyd welkom, maar die dae van onnodige, sieklike foutvindery is beslis verby. In die toekoms stel ons slegs daarin belang om as 'n eenheid te veg en te bou. En verder verwag ons van elke tak wat klagtes het, om daarmee na die kongresse te kom, maar om eers te sorg dat dit voor sy eie deur skoon gevee is.**

„Mag ek ten slotte die P.U. vir C.H.O. gelukwens met die rol wat hulle in die verlede in die A.S.B. gespeel het. Die feite dat bv. sedert 1948 drie presidente van die Bond by P.U. ingeskryf was, spreek meer as baie woorde.

„Verder sê ek met vrymoedigheid — ten volle daarvan bewus dat ook lede van ander takke moontlik hierdie woorde mag lees:

**Oor geeneen van al sy takke is die hoofbestuur so min bekommerd as oor die tak van die P.U. nie.** Een of twee ander takke is kort op u hakke, maar op die oomblik geld die bogenoemde bewering nog as 'n feit.

„Ek eindig deur daarom vir die Potchefstroomse Universiteit hartlik geluk te wens met 'n lewendige, aktiewe tak; deur u hartlik uit te nooi om in u massas gedurende die ek. kongres toe te sak — en deur u eindelik 'n warm handdruk te bied en u toe te wens vir die toekoms: Eenheid, krag en oorwinning!"

Henno Cronjé,
Uniale President,
A.S.B.

# REUSE KONGRES

## 14,000 STUDENTE VERTEENWOORDIG

Die e.k. A.S.B.-kongres wat vanjaar te Pretoria gehou sal word, sal waarskynlik die grootste tot dusver in die geskiedenis van die A.S.B. wees. Met die stigting van etlike nuwe takke, sal daar, na verneem word, omtrent 14,000 studente op die kongres verteenwoordig word. Die P.U.-afvaardiging is weer bereid om by hierdie hoogs-belangrike kongres sy volle gewig in te gooi om die saak van die A.S.B. te bevorder en uit te bou.

Die tema waaroor op die kongres gehandel sal word, is „Die Ekonomiese selfstandigheid van die Afrikaner". In hierdie tyd waarin die Afrikaner soveel opgang begin maak in die ekonomie van ons land, is dit wel 'n belangrike tema vir die A.S.B.-kongres, om so ook die houding wat die Afrikanerstudent daarteenoor moet inneem vas te stel, veral met die veldtog „Koop Suid-Afrikaans", wat onlangs van stapel gestuur word.

### P.U.-AFVAARDIGING

Die P.U.-afvaardiging sal bestaan uit mnre. L. S. van der Vyver (leier), W. F. Steenkamp, J. D. van der Vyver en E. J. Smit. Hulle is mense wat nie alleen die belange van die A.S.B. op die hart dra nie, maar wat ook groot belangstelling het vir die posisie wat die Afrikaner vandag in die samelewing inneem, ook op ekonomiese terrein. Die besprekings op die kongres sal dus nie sonder meer by hulle verbygaan nie. In mnr. L. S. van der Vyver het die P.U.-afvaardiging 'n bekwame stuurman aan boord. Waar daar ook weer 'n konstitusionele wysiging van die A.S.B. ter sprake kom, het ons volle vertroue dat die afvaardiging sal waak oor die belange van die A.S.B. Ons wens die afvaardiging alle sterkte toe met die wete dat hulle weer die naam van ons Alma Mater sal hooghou op die kongres en die vaandel van die A.S.B. fier sal laat wapper.



MNR. L. S. VAN DER VYVER, leier van die P.U.-afvaardiging.

## *VREUGDEDAG NIE VANJAAR IN POTCH.*

Vanjaar kon die Vreugdedagbestuur weer eens geen geskikte datum vir Vreugdedag in Potchefstroom kry nie, en sal die Vreugdedag dus elders as in ons tuisdorp geld moet gaan insamel. Op 7 Mei is die Vreugdedaghoofbestuur van plan om Klerksdorp en Viljoenskroon toe te sak met vlotte en kollektebusse, en om dié dorpe behoorlik op horings te neem.

Soos gewonlik sal die vlothoofde gekies word uit die verskillende fakulteite, en vanjaar sal al die vlotte 'n spesifieke tema moet voorstel. Hierdie tema is nog nie bepaal nie. Die gewone bedrag van £5 is weer beskikbaar aan vlothoofde vir onkoste i.v.m. die bou van hulle vlotte, en vanjaar sal daar ook pryse vir die beste vlotte toegeken word.

In 'n onderhoud met Mnr. W. F. Steenkamp, voorsitter van Vreugdedag-hoofbestuur, het hy met groot geesdrif laat val dat hulle vanjaar die £1,000 merk in die oog het. Kollektelyste wat voor die kortvakansie aan studente beskikbaar gestel sal word, moet, soos in die verlede, bydra om hierdie bedrag vol te maak. As alle Pukkies lyste neem, en geesdriftig geld insamel hierdie vakansie, is die beoogde bedrag beslis nie net 'n toekomsdroom nie, maar kan dit heerlike werklikheid word. Onthou, ons Studentesaal is nog gladnie klaar betaal nie!

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

Vir . . . .

VIS, ERTAPPELS,

VERVERSINGS, ens. . . .


**WELKOM KAFEE.**

Von Wiellighstraat 13,

POTCHEFSTROOM.


**Dis u kafee, Studente!**






**Eerste in die wêreld**

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
5 vir 20, 3/6 vir 50

*Rembrandt*

**VAN RIJN**

FILTER DE LUXE

**met die „GOLDEN THROAT"-filter**

Spiereg VRFA6


## PRYSVRAAG No. 3

Graag wil ons die deelnemers aan hierdie kompetisie se aandag daarop vestig dat dieselfde reëls geld as wat die geval was met ons vorige kompetisies.

1. Na wie of wat is Amerika vernoem? Amerigo Vespucci
2. Wie is die komponis van „Finlandia"? ..........
3. Wie was Adolf Schickelgruber? ..........
4. Wie is die diktator van Suid-Slawië? Maarshalk Tito
5. Wie was Lenin? Bolsjewistiese Leier.
6. Waarvan is die woord „tip" (fooi) afgelei? „Tippenny" (2 pennies)
7. Watter argitektoniese oudheid staan naby Gizeh? Groot Piramide
8. Wat is die naam van die eerste atoomaangedrewe voertuig? Nautilus
9. Wat is die drie offisiële tale van Switserland? Duits, Frans, Italiaans.
10. Daar is op die oomblik 'n aantal Ferrari in Suid-Afrika. Wat is hulle? Renmotors

## GEEN INSKRYWINGS

Op ons Prysvraag No. 2, het die redaksie geen inskrywings ontvang nie. In hierdie uitgawe van die Wapad sal daar egter weer eens 'n reeks vrae gestel word maar indien daar nie belangstelling by die studente vir hierdie kompetisie is nie, sal die redasie genoodsaak wees om nie weer in die toekoms enige sodanige kompetisie uit te skryf nie. Laat ons van julle hoor, Pukke.


**KOM SIEN ONS—**

vir al u

- **Fotografiese**

en

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

**Kerkstraat,**

POTCHEFSTROOM.

**NOORDBRUG Kontantwinkel**

(Eienaar: A. G. Botha).

LANGS N.B.-POSKANTOOR

Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.

# Die Wapad

WOENSDAG, 30 MAART 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... M. J. Strydom.
ASSISTENT-HOOFREDAKTEURS E. J. Smit. A. J. Coetzee.
NUUSREDAKTEURS ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.
KUNSREDAKTEURS ...... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.
SPORTREDAKTEURS ...... Mej. L. Grobbelaar. G. N. van den Bergh.
VARIAREDAKTEURS ...... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.
SPOTPRENTTEKENAAR ...... J. M. Smith.
FOTOGRAAF ...... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ...... A. S. Hechter.
LEDE ......
Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# A.S.B. en ons Volkslewe

Die voorstel van die A.S.B.-hoofbestuur dat 'n vyfde bepaling onder die doelstelling ingevoeg moet word op die eersvolgende Kongres wat lui: „die daadwerklike bevordering en bestendigheid van die Afrikaner se ekonomiese posisie" en die daarstelling van 'n Direkteur van Ekonomiese Sake, stel ons voor die vraag: Wat is die plek en plig van 'n Uniale Studente-organisasie in ons volkslewe? Het die A.S.B. wat 'n groep mense verteenwoordig, wat deel is van 'n bepaalde volk, wat nog nie in die volle tuig van die Maatskappy kan trek nie, wat 'n aparte eenheid vorm op grond van sy karakter, wat nie inskakel by die volwasse deel van ons volk nie en nie tuishoort by die werkende jeug nie — het so 'n organisasie enige plek en plig in ons breë volkslewe. Die antwoord sal seker kort en saaklik wees: ja. Maar dan seker nie sonder omskrywing en voorbehoud nie.

As antwoord op die vraag wat 'n student is, skryf Dr. H. J. Strauss van Bloemfontein o.a.: „Die student is rekruut, nog nie soldaat nie. Studietyd is saaityd, met verantwoordelikheid jeens God en volk. Maar nog nie oestyd nie. Indien die student geen selfstandige plek en taak in die volkslewe het nie, mag hy hom ook nie selfstandig organiseer nie. Nee, dan kan 'n studente-organisme nooit meer wees as bloot die „jeugfront van 'n volwasse organisasie nie."

Prof. S. P. E. Boshoff het voor die A.S.B.-Kongres van 1951 gesê: „Die student is boer, geneesheer, soldaat van sy volk, omdat hy die volk se geestelike voedsel moet produseer, soldaat omdat hy die volkseie moet beskerm en bewaar en geneesheer omdat hy die swakplekke in sy volk moet verpleeg en heel."

Prakties beken dit nog geen onbegrensde vrye veld van arbeid en plig wat spesiaal vir die student afgesonder is nie. Prakties beteken dit wel dat 'n studente-organisasie soos A.S.B. die reg het om elke lands- en volksprobleem te bestudeer, om daarin lewendig belang te stel, om wat na sy mening goed en bevorderlik is te propageer. Dit tog sou volksdiens wees en die student is dit ook aan sy volk verskuldig, want dit is die student wat moet verhoed dat die volgende geslag slegs 'n duplikaat van die vorige is.

Maar beteken dit prakties ook dat so 'n organisasie hom ook organisatories in diens moet stel tot die bevordering en bestendiging van 'n bestaande aspek van die volkslewe?

Dit sou bv. stellig die taak van die A.S.B. wees om die moontlikheid van 'n Republiek te ondersoek en selfs die uitroeping daarvan te propageer en selfs 'n konstitusie daarvoor as voorbeeld uit te werk — maar val dit op die terrein van A.S.B. om deelname te vra bv. aan die konferensie of moet hy meehelp aan die organisasie, uitbouing en bestendiging daarvan?

Dit sou wel die A.S.B. se plig wees om hom te besin op ons kleurvraagstuk, hom daarvan deeglik rekenskap te gee en daaroor uit te spreek en sy idee daaromtrent tasbaar te propageer — maar is dit ook sy taak om bv. die regering organisatories met hand en daad by te staan in die uitvoering van sy beleid i.s.v. dit ooreenstem met die A.S.B.-beleid?

Dit sou wel die plig van A.S.B. wees om die Afrikaner alle steun te gee m.b.t. die ondersoek en propagering van 'n gesonde ekonomiese beleid — maar is dit ons plig om ook organisatories die Afrikaner se ekonomiese posisie te bevorder en te bestendig?

**Hierdie vrae (en dit kan vermenigvuldig word) sal beslis nie onbeantwoord gelaat kan word deur die volgende kongres nie, veral gesien in die lig van die voorgestelde konstitusionele wysiging.**

Ons mag nie buite die grens van ons studentikositeit gaan nie wat dr. Strauss noem „'n gunsbewys, 'n genadegif, slegs aan die studentejeug." Ons bly alleen studentikoos i.s.v. ons van die reg gebruik maak om van ons op alle volksterreine prisipieël en rigtinggewend te laat hoor. **Alleen dan kan ons in beskeidenheid aan die volgende geslag iets gee wat by die vorige ontbreek het.**

L. S. v.d. V.

# Oordenking

## Die Hemelse Leermeester

**Hy sal julle alles leer . . . . . " Joh. 14 : 26.**

Hierdie woorde van Christus is eintlik aan Sy apostels gerig. Hy, die ander Trooster om wie Christus gebid het, sal by hulle bly tot in ewigheid. Ook as Leermeester. En vandag nog sit die Heilige Gees die lering en onderwysing voort.

Ons mense, hoe begaafd en talentvol ons ookal mag wees, kan dit nie verder bring as vorm en stelsel gebonde aan verstandelike kennis nie. Soos die spinnekop sy web moeisaam en geduldig punt vir punt groter en groter spin op een en dieselfde patroon, so spin ons verstand altyd weer sy geestelike web op die patroon van 'n menslike logika. En in die leerskool van hierdie lewe skiet die menslike denkpatroon te kort. Daar bestaan egter ook 'n Goddelike logika, 'n Goddelike denkpatroon. In hierdie denkpatroon neem Christus die sentrale plek in; hier is Christus alles, ja **alles.** Hy eis ook alles vir Hom op en word juis daardeur vir die natuurlike mens 'n steen des aanstoots, 'n versperring in die spin van die genoegsaam geagte menslike denkweb.

Die Heilige Gees dring deur ons denkfabrikasies in ons diepste wese in en leer ons die Evangelie van Verlossing gewilliglik aanvaar. Hy leer ons aangaande die Goddelike denkwyse. Hy begin met die alfa van die heil deur onsself in ons diepe bederf te leer ken en gaan onvermoeid voort tot die omega van verlossing en versoening. Die vordering is vir ons dikwels so onnaspeurlik klein — en tog dring ons daagliks dieper in in die kennis van die waarheid en kom ons steeds nader en nader aan God. Dan moet ons net klein genoeg wees om soos onkundige dissipels te sê: „Ek weet uit myself niks nie, maar van U o Gees wat by ons is tot in ewigheid, wil ek leer. Want alleen in die lig wat U skenk word dit lig in my hoof en hart."

P. G. L. van der WALT.

Wie met twyfel begin sal nooit die diepte wat hy betwyfel bereik nie; eers vertroue, dan onderskeiding.

# GRADEDAG

Op die jaarlikse gradeplegtigheid van die Universiteit wat op Saterdag 26 Maart op die Olën-sportterrein plaasgevind het, het Dr. Jan Steyn, L.V. die redevoering waargeneem. By hierdie geleentheid is 'n Ere-Doktorsgraad in die Opvoedkunde aan prof. dr. Jan Waterink toegeken. Hy is die eerste buitelandse geleerde aan wie hierdie universiteit 'n ere-doktorsgraad toeken. Die graad is deur sy edele ekselensie, die Ambassadeur der Nederlanden, mnr. Jan van den Berg in ontvangs geneem.

Verder is daar drie Doktorsgrade, drie-en-twintig Magistergrade, sewe-en-vyf-tig Honneurs-Baccalaureusgrade en honderd sewe-en-sestig Baccalaureusgrade deur die Kanselier, Dr. F. J. du Toit toegeken. Sedert die selfstandigwording op 17 Maart 1951 was dit die grootste gradeplegtigheid van die Universiteit.

Omdat Dr. Frans du Toit verlede jaar benoem is tot Kanselier van die P.U. vir C.H.O. moes hy bedank as Raadslid. In sy plek is gekies Mnr. Dirk du Toit, 'n boer van Reitzburg, O.V.S.

Die karakter van enige mens word gevorm wanneer daar gemeenskaplik verkeer word.

* * *

Ons het beginsels nodig in die verwarring van die tyd.

* * *

Beginsels is nie ons werk nie; hulle is deur God gegee.

## THALIA GAAN S.W.A.-TOE

Thalia is van voorneme om vanjaar gedurende die eerskomende wintervakansie deur Suidwes-Afrika te toer. Die finale toerplan moet nog bekragtig word deur die S.A.S. maar die plan is om die volgende plekke aan te doen: Kimberley, De Aar, Prieska, Keetmanshoop, Windhoek, Karibib, Omaruru, Tsumeb, Outjo, Otjiwarongo, Usakos, Swakopmund, Walvisbaai, Okahandja, Mariental, Britstown.

Mej. Stegmann, lektrise in elokusie aan die P.U.K., het reeds ingewillig om die afrigting van 'n drama waar te neem. Die bestuur is tans nog op soek na 'n geskikte stuk om op te voer en 'n rollesing sal hopelik nog voor die vakansie, of direk daarna, gehou word.

## ,,N.T.O."-STANDAARD

N.T.O. se aanbieding van ,,The Winslow Boy", 25 en 26 Maart in Potchefstroom het aangename vermaak verskaf, in die opsig dat dit ,,N.T.O."-standaard was.

Die rolverdeling was uitstekend maar dit is moeilik om te sê wie die beste vertolking gelewer het. Graag sou ek egter Clifford Williams wou uitsonder met sy skitterende vertolking as Sir. Robert Morton.

As geheel: interessant, vermaaklik, opheffend.

## LETTERKUNDIGE VERENIGING

Die Estrarte Letterkundige vereniging het vanjaar met groot planne sy eerste volle jaar van werksaamhede begin. Verskillende letterkundige leiers soos C. M. van den Heever, G. J. Beukes, ens. is reeds genader vir lesings, terwyl die Suid-Afrikaanse Skrywerskring hierdie vereniging ook genader het vir samewerking. Die vereniging, wat hom beywer vir die letterkundige belangstelling en beoefening, het sy ledetal vanjaar reeds verdriedubbel op verlede jaar se eindtotaal.

# Flor Peeters gaan hier optree.

'n Verkiesingsvergadering het die werksaamhede van die P.U. Musiekvereniging ingelei. Die nuwe bestuur, onder die bekwame leiding van Mnr. Christie Roode, het ook dadelik aan die werk gespring, en is alreeds druk besig om kaartjies te verkoop.

Reëlings vir die konserte vorder fluks, en baie planne word vir 1955 in die mou gevoer. Ses konserte van kamermusiek en koorwerk is reeds gereël.

Die musiekvereniging se prestige styg aansienlik deurdat hulle, in samewerking met die Musiekkonservatorium daarin geslaag het om 'n uitvoering deur die wêreldberoemde orrelspeler, Flor Peeters hier te reël. Prof. Peeters tree net in die groot stede van Suid-Afrika op. Liefhebbers van orrelmusiek in Potchefstroom het nou die heerlike voorreg om op 20 April vir Flor Peeters in die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Noord te hoor,

### ANTON HARTMAN EN DIE S.A.U.K.-ORKES

Verder beoog hulle 'n konsert deur Anton Hartman, tesame met die S.A.U.K.-Orkes. As dit egter nie moontlik is nie, sal die Johannesburgse Simfonie-orkes weer genader word om hier 'n uitvoering te hou.

Tussen-in sal konserte deur besoekende kunstenaars gehou word. Pogings sal ook aangewend word om meer lesings voor die lede te laat hou. Dit lyk werklik na 'n baie belowende jaar.




,,Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in* **al vier die provinsies,** *kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 65 — Potchefstroom

**W. A. VENTER**

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

•

FAHRIN VERLOOFRINGE

•

MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!

# Van Studenteraadsweë

Wat tog nie alles in laat-ure kan gebeur nie! Watter skreiende misverstand daar tog nie oor laat-ure kan wees nie! Welke kontrasterende rekenskappe daar tog nie i.v.m. laat-ure gegee kan word nie!

En nou . . . erfgename! Die laat ons maar in u midde. Kaas se prys en eiersurplus het ook wel soms iets met mekaar uit te waai: u S.R.-kantoor op 'n laat Dinsdagaand maak by die kenner 'n alles behalwe dubieuse indruk. Daar word reglemente opgestel! Daar word bates, vaster geestelike sowel as stoflike bates, behandel wat nie minder dikwels nie as baie gereeld gaan om die welsyn van hulle wat na jou kom. U sien, die S.R het besluit om sy Inlywingsskema wat wel ondubbelsinnig in diens van die A.S.B.-beginsel staan, reglementêr vas te lê. Die waarde daarvan? Nie geheel en al eksklusief „erflating", nie. En as drie of meer jare se eerstejaars daardie skema ondergaan het (nie „ondergegaan" nie) sal dit dan nog nodig wees om die Christelike-Nasionale student lewe in te blaas? Dieselfde geld die reglementering van die S.R.-finansiële-herbewapening. Sal met die erflating (so 'n reglement) volgende rade dit nodig vind om 'n selfstandigheids- en verantwoordelikheidssin by 'n student wakker te skud? Daar het u u verklaring van „laat-ure en erflating" van S.R.-weë.

### JAKARANDAS EN SKUIFENDE STOELE

Dis nog altyd dieselfde kaas en ook nie 'n ander eiesurplus nie. Watter vermeende outentieke verklarings is daar nie al van „Jakarandas" gegee nie, en selfs die uitleggers van die begrip skuifende (of „verskuifde"?) stoele is legio. Maar hier is die verklaring van S.R.-weë: Die kenner van 'n A.S.B.-kongres in Pretoria sal wel aanvoel dat hier nie 'n onvriendelike suggestie in die rigting van die komende April-kongres in Pretoria gemaak word nie. Sodanige „insider" sal die kalme opmerking i.v.m. die skuifende stoele ook wel verstaan, gesien in die lig van die feit dat sommige broeders die „ten slotte, mnr. die President" so lank soek (of te gou vind en dit baie herhaal?)

Maar (ten slotte) aan alle afgevaardigdes, waarnemers en ander bywoners na en van die kongres wil die S.R., met hierdie verklaring van „Jakarandas en Skuifende Stoele" (loop lig vir die „verskuiwing"), sê: Sterkte! Mag dié skone onderneming ook vir u 'n openbaring wees van die geleenthede wat 'n student vind om sy universiteit tot eer te wees.

### DIE SNOEIMES EN SY BAAS

Ons leef in 'n week van begrotings en redes, van die snoei van dit wat gesaai is en dit wat „uitgesaai" word. (Tot dusver die verklaring, van S.R.-weë, van „Snoeimes en sy baas".). Die S.R. penningmeester het op Dinsdagaand 22 Maart heel reglementêr sy finale begroting vir die jaar 1955 aan die raad voorgelê. Ook aan u dames en here studente, sal dit voorgelê word. Met 'n volkome opregbedoelde insae kan u heelhartige steun ook op gebied van ons finansies verwag word. Die „ten slotte" hier is dat 'n mens nie snoei om te dood nie, maar om nuwe lewe te wek. As ons ook vanjaar saam „lewer" moet ons ook vanjaar saam snoei.

### „GEEN TOEGANG" en „BAIE WELKOM"

Van S.R.-weë word dit so uitgelê: (nie dat daar nie ook ander interpretasies is nie). Binnekort sal in die Studentesaal (wat u tog mooier moet oppas) op die trap na die verhoog, 'n bord staan met die woorde „geen toegang" of iets soortgelyks. Maar u is onder op die vloer steeds „baie welkom". As die bord ontbreek is u oral welkom. Lg. is in gevalle van groot samekomste met voorsitters met harde stemme. Klein vergaderings en wyd-en sydsittende lede is nie bevorderlik vir die gees nie.

### DIGGERS EN STUDENTE

Ten slotte: Aan almal wat vakansie gaan hou: Hou dit heerlik! „Die eerste rondte van die myl" is nou verby en ons is so bevoorreg om daarna te rus.

Van S.R.-weë 'n hartlike gelukwensing aan Theos. Ons het so verwag en verwag van u nog veel. Aan die wat die vlag moes stryk: dis nie al vlae wat ons het nie en van plan is om te hê nie. Die jaar is nog lank en ons weet u bêre die nagereg vir laaste. Met u sien ons daarna uit.

Ph. C. SNYMAN,
(Voors., S.R.).

DAVY ROBERTSON ATELJEES
Vir die mooiste
PORTRETTE en RAME

CORNER
FRUIT STORE
vir al u
● VRUGTE, LEKKERS,
● SIGARETTE,
● KOELDRANKE en
● VERVERSINGS.
Bekend van weë sy
UITSTEKENDE DIENS!!



## VAN DIE REDAKSIE

ONS HUIS 25,
P.U. vir C.H.O.,
29 Maart 1955.

Geagte lesers,

Geoordeel na die talle gelukwensings wat die redaksie van die „Wapad" uit alle oorde ontvang het, skyn dit asof ons studentekoerant nou meer in die smaak van ons lesers begin val. Veral die feit dat die „Wapad" nou op beter papier en in 'n meer hanteerbare formaat uitgegee word, het algemene waardering uitgelok. Die redaksie sal dan ook nou trag om nie alleen die uiterlike van ons koerant van hoogstaande gehalte te maak nie, maar ook dit wat daarin verskyn.

Gedurende die eerskomende April-vakansie, vind die jaarlikse A.S.B.-kongres weer eens plaas en wel in Pretoria. Namens die redaksie wil ek ons afvaardiging wat bestaan uit mnre. L. S. van der Vyver (leier), J. D. van der Vyver, W. F. Steenkamp en E. J. Smit alle sterkte toewens. Ons twyfel vir geen oomblik daaraan dat u u plek terdeë sal volstaan en die naam van ons inrigting hoog sal dra nie. Nogmaals, baie sterkte.

Ten slotte wil die redaksie aan almal wat eerskomende Donderdag 'n welverdiende vakansie tegemoetgaan, rus in elke opsig toewens. Mag u volgende kwartaal in blakende gesondheid u opwagting hier maak om die stryd met hernude ywer en krag voort te sit. Aan die „gekysdes" wil ons egter 'n waarskuwing toeroep: „Oppas dat die vakansie nie die voorspel tot 'n tranedal is nie!"

Tot volgende kwartaal,
M. J. STRYDOM,
(Hoof-redakteur).

HAROLD'S
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorradehouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

## BRIEWE AAN DIE REDAKSIE

Tomstraat 54,
Potchefstroom,
2 Maart 1955.

Geagte mnr. die Hoofredakteur,

Net 'n woord van hartlike gelukwense met die nuwe „Wapad".

Die verandering spreek van 'n besondere mate van belangstelling en entoesiasme van die kant van die redaksie.

Die nuwe grootte, die nuwe titel en die nuwe papier waarop „Die Wapad" gedruk word, laat dit sommer „smart" lyk!

Mag hy vir altyd so bly!

Sterkte,
P. B. DE KLERK.

(Ongelukkig moet ons u meedeel, mnr. De Klerk, dat volgens 'n besluit van die Studenteraad, die „Wapad" nie meer in die vervolg op die beter papier gedruk sal word nie en dat hierdie uitgawe die laaste is wat op hierdie papier gedruk sal wees. —H.-redakteur).

* * *

Potchefstroom,
10 Maart 1955.

Administrasie van „Die Wapad",
P.U. vir C.H.O.,

Geluk met „Die Wapad" en sy nuwe formaat en gedaante. Dit is 'n stap vooruit.

Ek weet nie wat die subskripsie bedra nie. As die ingeslote 10/- te min is, laat maar weet. As dit te veel is, die res as donasie.

Met goeie wense,
D. J. VAN ROOY.

(Hartlike dank vir u gelukwensing, Professor van Rooy. Die subskripsie bedra 4/6 per jaar en ook vir die donasie as gevolg hiervan, sê ons aan u baie dankie.—H/Red.).

* * *

ONS HUIS,
21 Maart 1955.

Geagte Redakteur,

Vergun my om u in 'n paar woorde geluk te wens met die vorige uitgawe van die „Die Wapad". Dit het werklik aangenaam aangedoen om vir die eerste keer (seker sedert sy ontstaan) 'n „Wapad" te ontvang wat tegnies nie 'n duim hoef terug te staan vir enige ander universitêre studentenuusblad nie. Alle lof ook aan die drukkers (setters?).

Hiermee wil ons natuurlik nie sê dat alle ruimte vir verbetering in beslag geneem is nie. Inteendeel, sonder om aan die standaard wat bereik is af te doen, wil ons die redaksie aanmoedig om op die ingeslane weg voort te bou totdat ons wat vorm sowel as inhoud aanbetref 'n blad het wat ons regmatige trots sal streel.

Dankie,
L. S. v.d. VYVER

# DIE DISKOTEEK EN VOORUITSIGTE VIR DIE JAAR

Benewens die groot en uitgebreide versameling uit die geskenk van omtrent 300 plate van verlede jaar, het die Studenteraad intussen weer fondse beskikbaar gestel vir die aankoop van plate en 'n paar uitstaande werke op langspeelplate is aangekoop, waarvan verwag word dat almal in die loop van die jaar aan die Pukke gespeel sal word.

Graag wil die Ontspanningskomitee, sodat almal kan weet en verstaan, die beginsel op grond waarvan die plateprogramme opgestel word, verduidelik as volg: Dit is voorwaar nie 'n baie maklike taak om almal heeltemal tevrede te stel nie, siende dat alle smake in ons Studentekring verteenwoordig is, en dit kan ook nie anders nie, want ons is tog individue met eie persoonlikhede en gevoelens en die verskeidenheid moet daar wees, ook wat hierdie saak aanbetref. Daarom wil die komitee graag almal tevrede stel en probeer om die programme in die vorm van 'n verskeidenheid aan te bied. Vanuit hierdie gesigspunt is dit dan ook vanselfsprekend dat die komitee af en toe, in verhouding met die getalle van Studente wat dit raak, programme van ernstiger aard sal aanbied, twee- of driekeer, per kwartaal, waar dan langer werke bo Simfonieë en „Concertos" ens. aangebied sal word.

„Wanneer de wereldbeschouwing die men aanhangt, alleen gebaseerd was op redelijk inzicht, alleen gevolg was van een strijd van argumenten, dan ware de strijd teen het christelijk geloof onbegrijplijk."

Some women tell fortunes — all help to spend them.

* * *

Platonic friendship is that state of love in which the man is still wondering whether he dare kiss the girl.

* * *

A man laughs when he thinks his wife is amusing; a woman laughs when she thinks her husband thinks he is amusing.

**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380.

Die Apteek vir Diens!!

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Kerkstraat 91 — Potchefstroom.

SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE!!

Plaas u bestellings vroeg in die more.

**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

# PUKKIE-REDAKSIE SWOEG

In 'n onderhoud met mnr. Gert van den Bergh, hoofredakteur van die Pukkie, het dit aan die lig gekom dat die ou-ou moeilikheid maar weer sy kop uitgesteek het—die redaksie moet hul doodwerk. Nieteenstaande die beroep wat op alle studente gedoen is om bydraes te lewer, moes die redaksie tevrede wees om slegs enkele bydraes van eerstejaars te ontvang wat, volgens mnr. Van den Bergh, die ge-



G. v.d. BERGH, Hoof-redakteur van die Pukkie.

middelde standaard van 'n standerdvier skolier is. Van die senior-studente is nie 'n enkele bydrae ontvang nie.

Nogtans staan die redaksie hul plek terdeë vol en 'n hele paar verrassings word in die vooruitsig gestel.

Verder word daar vanjaar 'n groter oplaag as ooit vantevore gedruk en beloof die vooruitsigte om 'n reuse-sukses te wees.

# „NUWE" INTERVARSITY-SPAN

Intervarsity is glad nie meer ver nie en 'n baie goeie span moet saamgestel word. By die verskyning van die Britse toerspan deur Suid-Afrika het die keurders skielik wakker geskrik en besluit om die Springbokspan as volg saam te stel (natuurlik in samewerking met die Puk se keurders wat die Intervarsity se span saamgestel het):

**Heelagter:** MARIETA DU PLESSIS — beroemde voetbalman van die Lusern-provinsie. Sy sal Geffinitief nie die span in die steek laat nie. Haarskop- en veral haar vangwerk is onverbeterlik; haar verdediging is ondeurdringbaar en elke aand word daar vir 'n driekwartier lank kunsmatige asemhaling op haar toegepas om enige tekort aan asem op die voetbalveld (B) uit te skakel.

**Vleuels:** HENDRINA V. JAARSVELD en ELIZABETH GEERTSEMA. Ongetwyfeld die vinnigste vleuels wat die Puk nog opgelewer het. Eersgenoemde loop 'n man se arms letterlik oop, terwyl laasgenoemde oor 'n geweldige afstamp beskik.

**Senters:** ANNELIEN DU PLESSIS en ENA STANDER: Twee uitstekende senters wat enige man se verdediging omver kan gooi.

**Losskakel:** EDNA KRUGER. Aanval is goed. Veral uitmuntend wat uitskoppe en wegskoppe betref. Haar vermoë om 'n bal op enige plek raak te vat, is ongeëwenaard op Puk.

**Skrumskakel:** Selma v. SCHOUWENBURG — so glad soos 'n paling. Met geweldige langduik-aangeë laat sy die bal veilig in die losskakel se hande beland — duik soms bo-oor die dwarsbalk om 'n drie sonder weerstand te plant, breek vinnig om die skrum en onderskep maklik.

**Voorspelers:** Die **haker** van die span is ADRI VAN DER MERWE wat selfs nie skroom om 'n vleuel vergoed van die veld af te „sit" nie. Met die ondersteuning van die twee **voorrydrukker** MADELIEF SCHOEMAN en CHRISTINE VAN DER MERWE behoort sy die bal selfs van die doodskopkant af te haak. Van hierdie twee drukkers het eersgenoemde 'n ideale stem om te kreun by die ingooi van die bal, terwyl daar vir laasgenoemde 'n trui met 'n spesiale boordjie gemaak moes word — 'n nek wat getuig van harde oefeninge.

In PONIE DU PLESSIS en ANSIE VAN DER MERWE beskik die span oor twee stewige **slotte** wat ook hoog spring in die lynstane. PONIE beskik oor die krag, maar is nog 'n bietjie onervare. ANSIE, die kaptein van die span, ken egter al die fyn kunsies van die spel by naam en kan selfs af en toe 'n harde vuishou ongesiens plant. Die twee blitsige **flanke**

(Vervolg vorige kolom)

is MAGITA STOKER en TRYNIE EKSTEEN. Selfs die Tukkies kon nie voor hulle standhou nie en toe hulle klaar is met party losskakels, het hulle gelyk soos proefbuise.

Die kranige **agtsteman** en onderkaptein is NITA STEENKAMP. Haar gewig is 'n groot aanwins vir die skrum en haar spoed is van so 'n aard dat 'n windhond liewer sal verkies om 'n haas te vang, as om haar te probeer.

Met meerderheid van stemme is mev. Ballinger gekies as afrigter en mev. Pandit Nehroe sal as bestuurder optree.

Ons wil julle alle terkte toewens en ons hoop julle sal die reputasie van die verlede handhaaf!

DRINK en GENIET . . . . . .

**S & S**
**Super Dilla**
**en**
**Super Orange**

●

**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek

**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
**KING'S HOTEL-GEBOU,**
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

**BLITZ! . . .**
**DROOGSKOONMAKERS.**

●

Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE
STUDENTEBEDIENERS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons Leuse.

Bedieners van Dames sowel as Mans.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.




# Aanval teen S.A. Musiek

'n Rukkie gelede was die bitsige aanvalle deur Mnr. Hilton Edwards teenoor musiek in Suid-Afrika voorbladnuus in die pers. Hierdie aanvalle het landswye reaksie uitgelok wat sekerlik in dié mate tot voordeel gestrek het dat ons tot selfondersoek kan kom betreffende die peil van ons musiek.

Mnr. Edwards het naamlik beweer dat die leidende figure in die musiek van ons land meestal uitlanders is, en dat slegs een Suid-Afrikaner, naamlik Arnold van Wyk, musiek van belang vir Suid-Afrika lewer en dat selfs sy musiek nog spesifieke Engelse kenmerke openbaar.

### ARNOLD VAN WYK SE ANTWOORD

Hierop het Arnold van Wyk hom soos volg uitgespreek in „Die Volksblad": „Om my lewe te red kan ek geen spesifieke Engelse kenmerke in my musiek bespeur nie." Hy het verder daaraan toegevoeg:

„Dit is ook onregverdig teenoor die ander om my as die een vooraanstaande Suid-Afrikaner in die Suid-Afrikaanse musieklewe aan te wys. Mnr. Edwards se lys moet, om enigsins volledig te wees, die name bevat van Anton Hartman, George van der Spuy, D. J. Roode, M. C. Roode, Hubert du Plessis en Stefans Grové.

Die uitlating van Mnr. Edwards word betreur en daar word gehoop dat hy in die vervolg eers goed op hoogte sal kom van toestande in Suid-Afrika voordat hy weer 'n groep toespreek oor ons musieklewe.

## ALABAMA NA RHODESIë

Die Alabama Studenteorkes is tans hard besig aan die reëlings vir hul beoogde toer gedurende die Julie-vakansie deur Rhodesië, het die redaksie van Mnr. Okkie Strydom, die leier van die orkes, verneem. Behalwe hierdie uitgebreide toer, waarin honderde myle afgelê sal word, word ook 'n hele aantal naweektoere in die vooruitsig gestel.

Soos ons die Alabama ken, is ons verseker dat die Rhodesiërs, weer eens, soos 'n paar jaar gelede, ontspanning uit die hoogste rakke kan verwag. Behalwe die ou garde, is daar hierdie jaar 'n hele aantal nuwelinge met groot talent.

Op die Puk-gronde heers daar al groot entoesiasme, en ook ver buite die Unie se grense word daar al hard georganiseer. Alle sukses en sterkte, Alabama! Laat die prestasie groot wees.

## STIGTING VAN 'N P.U.-KOOR

n' Langverwagte ideaal is verwesenlik toe daar onlangs weer 'n studentekoor in die lewe geroep is. Op die stigtingsvergadering is daar dan ook die volgende bestuur saamgestel:

Voorsitter: A. P. Duvenhage;
O/Voorsitter: E. J. Smit;
Sekretaresse: Mej. M. Schoeman;
Penningmeester: P. du Plessis;

Addisionele lede: Mej. A. van der Merwe, Mej. L. Grobbelaar.

Om die koor enigsins gebalanseerd te maak, sal daar egter nog baie dames moet aansluit. Daar word dan ook 'n ernstige beroep op ons studente gedoen om hierdie lofwaardige poging so ver as montlik heelhartig te steun.

## OUD-P.U.-KANER VERTOLK HOOFROL


Nadat hy die toets wat deur Mnr. Pierre de Wet, regisseur, vir hom gestel is, geslaag het, is Mnr. Steyn de Jager, oud-P.U.kaner, gekies om die hoofrol te vertolk in 'n nuwe Afrikaanse rolprent wat tans op Stellenbosch vervaardig word.

Stellenbosch is uitgekies as agtergrond vir die rolprent omdat dit die oudste Afrikaanse universiteit is met die meeste tradisie daaraan verbonde. Die ligging is geskik en die historiese plekke is noodwendig vir die agtergrond van die film.

Die verhaal is kortliks soos volg:

Steyn is 'n plaasjapie wat universiteit toe kom. Sy wedervaringe is dan ook enig van hul soort — heel dramaties! Onder andere word hy die rugby-held van Maties en loop met die spankaptein se nooi weg.

Ons wens Steyn de Jager alle sterkte toe en verder wag ons vir daardie massa-fliek!



MNR. STEYN DE JAGER

**EXCELSIOR MEUBELS**
Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

# NUWE LIEDJIESBOEKIE REEDS BY PERS

Die „P.U. vir C.H.O. STUDENTE-SANGBUNDEL" is alreeds in druk. Dit is die verblydende nuus wat die Liedjieskomitee ons meedeel. Die Puk het sedert die Groot Trek nog nooit 'n ordentlik gedrukte liedjiesboek besit nie en die behoefte aan een het reeds baie groot begin word. In die verlede het die A.B.K.K. nog altyd teen een of ander moeilikheid gebots, met die gevolg dat ons liedjiesboek nog nooit in gedrukte vorm die lig kon sien nie.

Sedert verlede jaar is daar egter goed gevorder op hierdie gebied en ons kan, as alles goed verloop, vanjaar die Intervarsity met 'n nuwe sangboekie aandurf.

Nou moet u nie dink dat dit net ou liedjies gaan bevat nie. Die liedjieskomitee, bestaande uit mnre. Gert van den Bergh, Hennie Coetzee en Nico Laubscher, is sedert verlede jaar aan die werk om van die ou liedjies wat in onbruik geraak het uit te skakel. Hierdie opruimingswerk sal meebring dat daar bykans 20 van die liedjies wat nog altyd in die afgerolde boek verskyn het, nou in die snippermandjie beland.

Maar daar is die saak nie gelaat nie. In die plek van die weggelate liedjies sal daar nuwes verskyn: die wat ons naamlik nou al vir 'n geruime tyd reeds sing. Die nuwe boek voorsien dus aan 'n hele aantal behoeftes, en die A.B.K.K. wil sy vertroue uitspreek dat die boekie 'n groot sukses gaan wees en onder ons sangsterre byval sal vind.

## PLAN GOEDGEKEUR

Op 'n onlangs-gehoue vergadering is die plan van die nuwe skeikundelaboratorium goedgekeur. Hierdie gebou sal net langsaan die nuwe fisikagebou staan, en daar sal ook reeds vanjaar begin bou word. Die beraamde koste is £75,000.

Laat die dinge wat jy doen en sê, die titel van jou inhoud wees.

* * *

Moenie dat iemand op jou kop sit nie. Dit is jou vrou se plek. Dit is ook daarom dat party mans kaalkoppe het.

* * *

'n Momento is 'n geskenk by die afskeid — 'n monoloog is 'n dialoog tussen man en vrou.

Langs hierdie weg wil die inwoners van De Klerkhuis, Klawerhof en Piet Groblerhuis 'n hartlike woord van dank rig aan die groep mans wat onlangs 'n baie geslaagde serenade alhier gelewer het. Dit was aangenaam om na so 'n hoogstaande uitvoering te luister.

## SPEKKIE ONTVANG SKADEVERGOEDING

Toe die Overture tot die Hongerpêns-bedryf van die Heimat-kompleks met skelle, skrille klanke oor die Puk-terrein losbars, het 'n paar eerstejaars met 'n verskrikte, uitgerekte, bloedstollende gebalk padgegee. Dit bly maar vir hulle 'n bloedstollende geluid. Menige ouheer daarenteen, het met 'n hongerige grom uit die bed gewip en naarstiglik met ywerige vingers die ou maagvelletjie begin masseer om met die verorberingsproses die maksimum kapasiteit te verseker.

Vireers word die kosbakke met waterige leepogies op 'n veilige afstand aangegluur. Ten spyte van die feit dat die vroeë oggendslapie nog nie ten volle genuttig is nie — die klok het weer 5 minute voor die tyd gelui — kon selfs Spekkie nog die tyd neem om eers die vleis met 'n instinktiewe versigtigheid te betrag, en toe wantrouig van nader te bekyk. Skynbaar tevrede gestel, slaan hy sy tande met 'n gretige hap in die „vleis" weg, om slegs met 'n moedige snork in sy stoel terug te sak. Weer eens word 'n heldhaftige poging aangewend om 'n happie af te kry maar tevergeefs. By nadere chemiese analise is bevind dat die slagtersjong se skoene nie geskei van die vleis, afgelewer is nie.

Skadevergoeding vir verlore tande is betaal.

As jy met jou vrou wil veg, veg dan met jou hoed. Gryp hom en laat vat. (John Barrymore).

Ons verneem dat sowel mnr. Gert Bester as mnr. Wessie van der Westhuizen, onlangs vir behandeling tot die Potchefstroomsehospitaal toegelaat is. Daar kan egter gemeld word dat hulle tans goed vorder en binnekort ontslaan sal word.

## LEWENS-BESKOUING?

'n Student sê:

Ek maak wat ek wil,
doen wat ek wil,
sê wat ek wil,
raas soos ek wil,
gaan waar ek wil,
en „slaag" soos ek wil.


**DIE BULT SKAATSBAAN**

„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"

Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.

**SONSKYN KAFEE**
Tomstraat — Potchefstroom,
vir u
Sigarette • Lekkers
Koeldranke
en ander verversings, asook
SNOOKER.
Uitstekende diens!

**DIE BULT Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 20,
VIR ALLE
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
SIGARETTE, ens.

**CACHET MODES [Edms.] Bpk.**
Open teen die tweede helfte van April te
TOMSTRAAT 56A
(Langsaan Sonskynkafee)
All benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp

**J. HEIDEMA**
Vir
FIETSE
en
MOTORFIETSE
J. HEIDEMA
Kerkstraat 30,
(teenoor Geref. Kerk.)
POTCHEFSTROOM.

**Schoonhoven Haarkappers**
„Dames en Here Studente! . . . . "
Hier is die ardes van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:
Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

**MALAN MEUBILEERDERS**
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

**SAAMWERK-WINKEL,**

Algemene Handelaars

—Von Wiellighstraat 13,—

ALLE BENODIGDHEDE WORD AANGEBIED.

**„Kom ondersteun ons, Pukke!"**

**QUEEN'S HOTEL**

**. . . . . vir al u dinees!**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

• Wynsoorte en • Spiritualieë

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**

vir al u

Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**W. J. GROBBELAAR**

MANS en DAMES-HAARKAPPER.

Kerkstraat 97 — Telefoon 330.

## REDENAARS-KOMPETISIE

Die Debatsvereniging het vanjaar sy programvergaderings ingelei met die jaarlikse Redenaarskompetisie. Dit was die eerste keer dat die Debatsvereniging 'n vergadering in die studentesaal kon hou. Met die aanhoor van die nege toesprake wat gelewer is, was dit duidelik dat dit nie vir die beoordelaars 'n maklike taak sou wees om die drie bestes aan te wys nie. Al die deelnemers het toesprake van 'n baie goeie gehalte gelewer. Die beoordelaars het egter mnr. T. van der Walt aangewys as die beste redenaar van die aand. Na hom het mnre. A. P. Brink en J. D. van der Vyver gevolg wat respektiewelik die tweede en derde plekke gevul het.

Die beoordelaars het met lof gepraat van die gehalte van die toesprake wat gelewer is. Twee van hierdie drie persone sal ook aan die redenaarskompetisie van die A.S.B. tydens die kongres optree. Mnr. Brink kan ongelukkig nie by die kongres teenwoordig wees nie.

Ons wil hiermee ook aan mnr. Van der Walt ons hartlike gelukwensing oordra met sy prestasie. Ons hoop dat dit nie die laaste keer sal wees wat ons hom hoor nie.



MNR. T. VAN DER WALT, wenner van die redenaarskompetisie.

# Besoek aan ou Kultuurlande

Mnr. P. J. Pelser wat gedurende die Desember-vakansie deur die buiteland getoer het, het hom soos volg uitgelaat toe hy deur 'n verteenwoordiger van die „Wapad" besoek is: „Die ou kultuurlande het op my Karoo-gemoed 'n diep indruk gemaak en ek sal u kortliks 'n paar daarvan weergee.

„Wat ek u wil vertel is nie 'n kronologiese opsomming van die name van die plekke en dinge, wat ons gesien het nie, maar ek wil slegs in 'n paar woorde aan u die idee en indruk wat die lande op my gemaak het, gee.

ENGELAND, ons tuiste vir vyf weke, met London, die wêreldstad as sentrum, waarop die rook en roet uit duisende skoorstene neersif, maak 'n sombere indruk op 'n Suid-Afrikaner wat aan kleurrykheid gewoond is. Dit is 'n land waar die son alleen blosend uit die suide skyn — 'n land wat leef en teer alleen op tradisie. Hierdie tradisie is gebou op „For Queen and Country" met die slagspreuk: „By the Grace of God." Engeland se tradisie is nie deurgaans mooi nie. Dink bv. aan die „Tower of London", 'n magtige kasteel wat al die eeue verdroom het op die walle van die Teems — mooi om te sien! Maar 'n reisiger word moeg van al die moordverhale wat hy moet aanhoor; verhale van ontrou in die koningshuise; van moord op die adelike geslag. Engeland se tradisie sentreer om sy Koningshuis, en hoewel dit in baie opsigte 'n bloed-tradisie" is, is hy trots daarop.

„Die Engelsman is ook trots op sy vele ou kerke. Ons was soms moeg om hier 'n ou kerk met muurtekenings van die 15de eeu te besigtig en daar een waar die digte „Gray-dienste" bygewoon word — ook tradisie!

Die hele kerklewe is vandag nie veel meer as tradisie nie. Westminster Abbey is eeue oud en 'n stuk argitektoniese pragwerk — ek dink veral aan die plafon van een saal wat uit sandsteen gekap is; die gekleurde vensters ens. Die hele gebou is egter vol grafte en beelde van gestorwenes.

SKOTLAND — 'n land wat trots is op sy verlede staan baie nader aan die Afrikaner as die Engelsman. Hier het ons weer mense gesien met lewe in hul oë en 'n glimlag om die mond (Is dit miskien omdat hulle veel meer protestants is?). Die Skot wil geen Engelsman wees nie — noem hom tog nooit so nie! Ek was een aand in Edinburg by 'n uitvoering van hul tradisionele Skotse danse. Die gees wat daar geheers het was dieselfde as by ons volkspele-aande.

FRANKRYK (of Parys) is 'n groot natuurskone land. Wat geboue en strate aanbetref is Parys 'n mooier stad as London — dink maar aan die Seine met sy talle brûe wat kalm deur die stad vloei. Maar die lewe daar! Die vuil strate en die lae morele peil laat ons verstaan waarom man sowel as vrou deur swaar dampe van reukwater omsweef word.

SWITSERLAND — 'n mooi en skoon land! Die natuurskoon smelt die lewe van hierdie mense saam. Stel u voor: 'n Blou hemel weerkaats in die blou mere met wit huise op die oewers en die sneeubedekte bergkruine wat troon bo hul eie feëbeeld in die water.

DUITSLAND. Hier arbei die Duitsers stil voort om die littekens van die afgelope oorlog uit te wis. Daar is weemoed en tog optimisme. Hy word gedryf deur sy eie daadkrag om weer op te staan uit die gevoel van minderwaardigheid.

NEDERLAND noem mnr. Pelser: 'n landjie vol „tragiese humor". Aan die een kant felle haat teen die Duitser en aan die anderkant 'n patetiese opgaan in die V.S.A. Alles vanaf Amerika is goed en reg. Verloon Nederland nie sy Identiteit om dié van die bevryder aan te neem nie.

**„Die toer het ons geleer dat ons Afrikaners is en dat ons die sonskyn van Suid-Afrika en die Afrikanergees moet waardeer — daar is vir die Afrikaner maar een plek en dit is Suid-Afrika," het mnr. Pelser besluit.**



MNR. P. J. PELSER wat saam met mnr. J. Visser die buiteland besoek het.

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

# Prof. Dr. JAN WATERINK ontvang Ere-Doktorsgraad.

Die Raad en Senaat het besluit om aan Prof. dr. Jan Waterink die graad Doctor Educationis honoris causa toe te ken, en op 26 Maart 1955 is hierdie graad namens hom ontvang deur mnr. Jan van den Berg, Nederlandse Ambassadeur in die Unie.

Vier oorwegings het tot die besluit gelei:

Prof. Waterink word in Suid-Afrika erken as een van die trouste vriende van die Afrikanervolk. Gedurende en na sy besoek aan ons land in 1949, het hy hom betoon as 'n uitnemende vriend in sy akademiese en sosiale optrede.

In sy jare van diens aan die „Vrije Universiteit" as professor aldaar, was hy 'n medestryder met die P.U.K. vir C.H.O. vir die beoefening van die wetenskap op Christelike grondslag. Prof. Waterink het in 1952 met die driehonderdjarige fees van ons volksplanting die voortou geneem en ook die promotorskap waargeneem met die toekenning van 'n ere-doktoraat aan ons eerste Rektor, wyle prof. dr. J. C. van Rooy.

Prof. Waterink was vroeër, en is vanjaar weer die Rector Magnificus van die „Vrije Universiteit." Die Potchefstroomse Universiteit wou as blyk van sy waardering vir die „Vrije Universiteit" aan die huidige Rektor aldaar dieselfde eer bewys as wat aan ons Rektor bewys is.

### WETENSKAPLIKE PRESTASIE GEE DEURSLAG

Die Raad en Senaat het by oorweging watter doktorsgraad toegeken moet word, die wetenskaplike prestasie van prof. Waterink die deurslag laat gee. Hy is sinds 1926 verbind aan die „Vrije Universiteit" as professor in die Pedagogiek, die Psigologie, die Kindersielkunde en die Kategetiek. Sinds die aanvaarding van sy professoraat het hy 'n wêreldnaam as wetenskaplike op die gebied van die Opvoedkunde en Sielkunde verwerf.

Hy is 'n mens, 'n vriend, 'n volksman, 'n leier en 'n wetenskaplike aan wie enige universiteit met vrymoedigheid 'n eredoktoraat kan toeken.

## Manshokkie wen 2—0

In hul eerste wedstryd van die jaar het die eerste Manshokkiespan daarin geslag om Proefplaas met twee doele teen nul te verslaan.


**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

• **OOGKUNDIGE.**

• **Brilspesialiteit.**

**U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.**

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.



**S. & S.**

**SOWDEN and STODDARD**

KERKSTREET — POTCHEFSTROOM.

FOR YOUR

FURNITURE AND HOUSEHOLD APPLIANCES NEEDS.

Trade-ins accepted! — Eeasy terms arranged!


# Dr. VAN DER WALT TREE VOOR KORPS OP.

Dr. P. J. van der Walt het met 'n uiters interessante lesing oor Misdaad opgetree voor die Korps-vergadering op Donderdagaand, 17 Maart. Sy lesing het deel uitgemaak van een van die mees geslaagde programvergaderings wat Korps seker nog gehou het. Dit was 'n vergadering wat werklik aangenaam was om by te woon.

### ONRUSBARENDE TOENAME VAN MISDAAD

Dr. Van der Walt het eers gehandel oor verskillende vorms van misdaad waaronder diefstal, prostitusie en onsedelike aanrandings wat in steeds toenemender mate vorkom, veral misdade met betrekking tot onsedelikheid. Statisties het hy ook aangetoon dat misdaad onrusbarend toeneem, veral onder die nie-blanke bevolking van ons land. 'n Opmerklike verskynsel is ook dat 'n geweldige hoë persentasie „oud-stryders" in die tronke maar altyd weer terugkeer, het hy gesê. **Vir sommiges is dit as't ware 'n dak oor hulle hoof.** As rede hiervoor kan aangevoer word die geweldige probleme waarmee iemand te kampe het wat pas die tronk verlaat. Die maatskappy duld eenvoudig nie mense wat een of ander tyd in die tronk was nie en selfs ook al sou dit na baie jare eers uitgevind word. Vir die gerehabiliteerde wat so uit die Maatskappy geweer word, is dit baie maklik en soms ook 'n eenvoudige uitweg om weer aan een of ander misdaad toe te gee, miskien net om weer in die tronk te beland.

Met hierdie en ander probleme i.v.m. misdaad het S.-Afrika vandag te doen en al vergelyk die misdaad-persentasie van die blankes in Suid-Afrika goed met ander Europese lande, is dit tog 'n onrusbarende feit dat misdaad in Suid-Afrika onrusbarend toeneem, het dr. Van der Walt gesê.

## How the Mad Man Escaped

He knocked his head against the wall, untill his head was sore. He took this sore and cut the table in two halves; but two halves make a whole through which he then crept. When he was out of the building he cried himself hoarse. He jumped onto the horse and galloped away.

## Professor v. d. Walt lewer intreerede.

Op Vrydagaand, 18 Maart het prof. S. P. van der Walt sy intreerede as professor in Apologetiek aan die Teologiese Skool gelewer. Met enkele grepe uit die rede, wat volledig gepubliseer sal word, het hy op skerpsinnige wyse die taak en terrein van die Apologetiek aangedui. Met die Heilige Skrif self as die skerpste aanvallende wapen, is die apologetiese wetenskap noodsaaklik om die Dogma van die Kerk teen die aanvalle van die ongeloof te verweer — dit is die aanvalle van die eksistensialisme, materialisme, ewolusionisme, ens., het hy gesê. Die Apologetiek wil die Waarheid beskerm: dit moet die verskansing op die mure van Jerusalem wees teen die aanvalle van buite.

Namens die Kuratorium van die Geref. Kerk, is prof. Van der Walt bedank deur ds. A. A. Venter vir die skerpsinnige manier waarop hy hierdie onderwerp behandel het. Die rektor van die P.U. vir C.H.O. het ook 'n woord van bedanking gespreek.

## Nuwe Administrasiegebou.

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het nou finaal die aanbou van die Administrasiegebou skuinsoor die Biblioteek goedgekeur. Die argitek van die P.U., Prof. A. L. Meiring van Pretoria, het reeds die planne opgetrek, en hulle is dan ook reeds goedgekeur. Binnekort sal daar oorgegaan word tot tenders vra, en verwag word dat daar nog in hierdie jaar met die bouwerk begin sal word. Die beraamde koste van die grond- en eerste vloer van die gebou beloop £30,000. Eventueel sal die gebou uit drie verdiepings bestaan, maar daar gaan eers net twee gebou word. Op die eerste vloer word 'n ruim saal gebou vir vergaderings van die Raad en Senaat.


*Beyers Claassens* F O T O G R A W E — Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 455

Kom Kyk na ons Uitstalling van K A M E R A S




**Jo van Schoemansdrif:** Aansoeker moet tevrede wees om slegs plaasvervanger te wees. Die goeie gebruik van arms is 'n aanbeveling.

**Sylvia (Stil Stuipe):** Geen aansoeke van applikante, langer as vier voet, sal in aanmerking geneem word nie. Elke applikant moet hom vir 'n onderhoud aanmeld sodat sy spraakorgane getoets kan word.

**Hett'e G:** Aansoeke van persone sonder motors sal geen aandag geniet nie. Moet ook bereid wees om elke tweede aand laatverlof te neem.

**Hannie Ccetzee (jnr.):** Ek soek 'n maat wat 'n algehele afskaffer is en daarby ook baie beginselvas. Hy moet geen ondervinding van enige aard hê nie.

**Bernice Smit:** Lengte van applikant moet gemeld word. Aangesien daar familie-prestige is om te handhaaf, sal persone wat iets te doen het met botter of margarine voorkeur geniet.

**Marietjie du P:** Toenadering sal alleenlik tot armlengte kan geskied. Tokkelokskap is 'n vereiste.

**E. Geertsema:** Voorkeur sal gegee word aan lang donker persone wat die vermoë besit om deur die skuif van skaakmannetjies belangrik te word.

## GOGGAS IN DIE WAPAD

In Las Palmas: Op 'n stampende, knoffelgegeurde bus . . .

**A la mode?**

. . . . 'n paar dosyn van Gam se kreasies.

**Raison d'être?**

Mnr. J. de Kok bevind homself op Stellenbosch.

**Iemand anders verwag?**

Mnr. Jackie Strydom sal die invigilator wees.

**Sorg tog ook net vir 'n goeie invigorator en toesighouer!**

. . . . en ook op die oog af 'n beter indruk sal skep.

**Met 'n oogklappie sal hy dan 'n beter indruk skep vir die oog.**

Onder die dore was nie een **uitstaande** nie . . .

**Was die uitblinkers dan „agterstallig?"**

Soos van ouds was Selma van Schouwenburg die ster . . . .

**„Hockeywood's famous."**

---

**ROOI KOOS:** „There was never a saint with red hair."

**FRANS CACHET:** „Love's like the measles — all the worse when it comes late in life."

## Ek HET 'n maat

**Esther van Kulu:** Na 'n hewige stryd in die O-19-skrum kon ek eindelik my besluit neem.

**Marie Visser:** Na 'n soektog van byna 4 jaar het ek 'n maat gekry om saam mee fliek toe te gaan.

**Twee Tukkies:** Omdat ons van so ver gekom het om mekaar te vind, plaas ons ons berigte saam om bekend te stel dat ons niks meer verlang nie.

**Spekkie v.d. W.:** Ek het 'n maat gevind in my boeke. 'n Ernstige verhouding — in beskeidenheid — word vanjaar met die akademie beoog.

## DEFINISIES

**SLEEP:** Stadig stap in die donker pad.

**„CASE":** Iets wat die eerstejaars verbasend vinnig snap en dan probeer.

**STUDEER:** Opstapeling van boeke en afstapeling van kennis, (of is dit die week in oënskou?).

**EKSAMEN:** 'n Studente-nagmerrie — wie gaan slaag — ek of die eksamen.

**TOETS:** 'n Nuwe „roll-call"-stelsel.

**VERGADERING:** 'n Geleentheid vir studente om te rebelleer.

**VOETBAL:** Die oor-en-weer gooi van die bal tot die skeidsregter die fluitjie blaas.

## HERVERTONINGS

Madeline Turnbridge: „Ek sjê sjuster".

Dick Putter: „Thief of Bagdad."

Stoker Snyman: „Bitter-Sweet."

Spekkie en Daan du Toit: „When worlds collide."

Martyn Viljoen: „Desert Fox."

Gebreekte kysse: „Donker Spore."

## DIE V.V.O. GRYP IN

Op 'n onlangse staatsgreep in die woonbuurtes van die stad Klakultha is die volgende nuwe konstitusie opgestel en goedgekeur:

1. Thabajäh word uitgeroep en verklaar as 'n luukse hotel met die minimum fooie en met single married kôters.

2. Die inwoners van Lusern en Th. Jäh mag mekaar nie aanrand voordat iemand nie tee gekry het nie.

3. Kulu mag nooit weer die onskuldige slagoffers van 'n vaal grappie wees nie.

Nadat hierdie konstitusie wetlik goedgekeur is, het daar egter 'n rebellie uitgebreek en die V.V.O. (veronregte vroue organisasie) het besluit om sake in hulle hande te neem en die wêreldvrede te bevestig indien almal sal saamwerk en die volgende voorwaardes nakom:

1. Almal sal gelyke regte besit onder die leuse van gelykheid, vryheid en susterskap. Dit geld veral vir Kulu.

2. Dat indien daar oorgegaan word tot uithongering as straf die dames maar vrugtevlekke op hulle wasgoedsakke mag hê.

## Fochville-toe

Die dore stap aan met die teerstraat,
Geduldig, gedienstig, gedwee
Met reënjas en hoed, hul mag nie praat
Maar hul dra dit getroos en tevree

En knorrend, en skellend en stampend
Kom die ou dames ook agterna
Dit bly vir die dore iets kosteliks
Maar nog moet hul, hulle gedra.

Die middagson bak op hul koppe,
Die stasie is ver en dis swaar
Met hoede vertoon hul soos stokke,
Maar hul beur en eindelik is hul daar.

Op Cachet wag hul slegs vir 'n paar uur
Want die blou-trein is traag om te kom.
Die dore se gesigte word naderhand suur,
Een teen vieruur se kant draai hul om.

(Met apologie van J. F. E. Celliers)

---

Paul de Bruyn het onlangs 'n „langbenerige" fliek in die plaaslike skouburg bygewoon. In filosofiese kringe word daar egter nou gegis oor die rigting wat sy denke na dese gaan inslaan, veral ook as gevolg van die feit dat hy iemand by hom gehad het wat gesorg het vir die afdroog van sy trane.

---

Alle berigte in hierdie uitgawe van die „Wapad" is opgestel deur die lede van die redaksie, nagesien en van opskrifte voorsien deur die hoofredakteur, en gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 17, Potchefstroom.

## STEL U VOOR . . . . .

**ANNIE PISO** met krulpenne.

**SELMA V. S.** in 'n 1955 fleetline Cadillac.

**DIE U.O.D.-KLAS** sonder Vulletjie se gerunnik.

**KOBA DAVIDS** met 'n pankop.

**CHRISSIE HEINE** op 'n driewiel.

**HANLIE (6' 2")** as 'n stoeier teen Pottie Potgieter.

**ADRI VAN DER MERWE** sonder oorbelle op 'n mansfiets.

**HANNETJIE PRETORIUS** met rugbytokse.

**THABAJAH** sonder oujongnooiens.

**MARIETA DU PLESSIS** as rankplant sonder 'n lang paal.

**LILA MALAN** sonder haar pels(er).

**BETTIE LINDE** as 'n rooigeroeste, afgeloopte praatmasjien.

**KOEKA FOURIE** as 'n mannehater.

**LIDIE BEKKER** as 'n hardwerkende student.

**DIE LEKTRISE** sonder haar sambreeltjie.

**TRYNIE EKSTEEN** met 'n seer tand.

**FONIE** as 'n waardige oumatjie.

**HETTA BISSCHOFF** met vlegsels en 'n valletjiesrok.

**MARIE VISSER** as 'n beskeie bakvissie.

**DICK HAUPTFLEISCH:** Professor in Teologie.

**PONIE DU PLESSIS:** Voorsitter van die V.V.O.

**ANDRIES WIESE:** Rektor van 'n Universiteit.

**ERASMUS SMIT:** In 'n boksgeveg teen Ezzard Charles.

## ONS WIL WEET . . . .

. . . . of die visvang hier by Hotel Cachet weer kort voor die eksamen gaan begin.

* * *

. . . of die eerstejaars nou skielik tot die besef gekom het dat hulle maar kan „case" — of is daar al lankal sulke planne.

* * *

. . . . of ons nou maar ons fietse aan banke en bome moet vassluit om sodoende die hoë onbetaalbare skutgeld te ontduik.

* * *

. . . . of die „Gaipe" weer gaan herlewe.

* * *

. . . of daar voor 'n voetbalwedstryd gekook word want Saterdag gedurende twee wedstryde, is twee skepskoppe op dieselfde tydstip oor die dwarsbalk gelig.

* * *

. . . . of daar 'n misverstand by die onlangse atletiekbyeenkoms was, want die mense het nie geweet vir wie hulle moet skree nie.

## INTERVARSITY OP 21 MEI

Die Sekretaris van die Studenteraad het aan ons meegedeel dat die eerskomende Intervarsity teen U.O.V.S. op 20 en 21 Mei sal plaasvind en wel hier in Pukkeland. Wat die kragmetings betref sal niemand hulle nou-al daaroor wil uitlaat nie. Een ding is egter seker en dit is dat dit nie veel swakker daaraan sal kan toegaan as verlede jaar toe Theos 21-8 verloor het nie.


**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**

Vir al u . . .

- **Mediese en skoonheidsbenodigdhede**

sowel as

- **Radio en Elektriese Benodigdhede,**
- **Kiekies ontwikkel en afdruk.**

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

★

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
**vir alle**
**SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.**

★

**WESTVAAL**
**Studente !!!**
**VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA**
**WESTVAAL**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**


## TWEE PUKKE SPEEL VIR POTCHEFSTROOM

Twee Pukke, mnre. Christie Coetzee en Ben Potgieter het die afgelope twee Saterdae vir Potchefstroom diens gedoen op die krieketveld. Dit was by geleentheid van die jaarlikse Potchefstroom - Klerksdorpwedstryd. Drie oud-Pukspelers, mnr. Craig, McCrindle en Davies het ook gespeel.

Christie Coetzee verdien al 'n geruime tyd lank so 'n eer en Ben het al reeds vantevore vir Potchefstroom opgedraf.

## NUWE TALENT IN JUKSKEIKLUB

Volgens 'n mededeling van mej. Lidie Bekker, onder-kapteine van die Jukskei-klub, skyn dit asof daar veel entoesiasme vir hierdie sportsoort is. Daar is veel talent onder die eerstejaars maar die uitblinkers bly nog steeds Ann Struwig wat in haar Springbok-broer en -suster se voetstappe volg.

Die Jukskeiklub beoog om meer toernooie te speel teen die Dorp en ook in Wes-Transvaal. Op die oomblik is die bane egter nog in 'n treurige toestand en daar kan nie baie geoefen word nie.

## OPLEWING TE BESPEUR

Na 'n paar los oefeninge is daar alreeds 'n merkbare oplewing te bespeur in die Dameshokkieklub. Dit bly egter nog 'n teëwerkende faktor dat daar nie genoeg bane is nie en daar is dus met elke oefening spelers wat moet uitsit.

Die klub staan onder afrigting van Mev. Stopforth.

## KOMPETISIE STERK IN KORFBALKLUB

By hierdie afdeling van die damessport is daar 'n uitermate hoë entoesiasme en die klub het ook geweldig gegroei. Daar is nie net eerstejaars wat deelneem nie maar ook die U.O.D.'s het in sterk getalle opgetrek.

Daar is besonder goeie speelsters en die kompetisie om plekke in die eerstespan sal besonder sterk wees.


**I. GLASER—Juwelier**
**NUWE ADRES:**
**h/v. KERKSTR. en AUTSLAAN,**
**vanaf 1 April.**


# THEOS LEI SEISOEN GOED IN

## VERSLAAN DIGGERS 14—11

Hoewel dit nog 'n bietjie vroeg in die seisoen is vir voorspellings, kan ons, geoordeel na Saterdag se vertoning, groot dinge van Theos verwag. Die welverdiende oorwinning is des te meer verblydend as ons in ag neem wat die toestand met rustyd was. Dit ten minste kan ons van hierdie eerste wedstryd leer — dat ons eerstes nie vanjaar moedeloos gespeel gaan word nie.

Hoewel Theos met die kampioenklub van Transvaal te doen gehad het was dit nogtans teen 'n tweede span teen wie hulle opgedraf het, en dan moet dit verder in een asem gemeld word dat die opponente nooit soos 'n eerste span vertoon het nie.

Nogtans het Diggers vir Theos tydens die eerste helfte oorskadu en te danke aan die blitsige spel van die twee swart-trui senters, kon Diggers met agt punte teenoor nul spog aan die einde van die eerste helfte.

### LOFWAARDIGE HERSTEL

Die lofwaardige wyse waarop Theos herstel het, was hoegenaamd nie sporadies of opportunisties nie. Die drie deur Jan de Wet, Hennie en Ben van der Walt aangeteken, was uit die boek, en so ook die een deur Blom.

Sarkasme hoort nie by 'n sportpraatjie tuis nie maar dit sal nuttig wees as ons skoppers onthou dat die moeite wat aangegaan word deur driekwarte om die bal onder die pale te druk met die oog op die vergemakliking van die vervyfskop geskied. Om dan 'n vervyfskop vlak voor die pale te verbrou is effens ontmoedigend.

Ten slotte kan ons meld dat daar geen keerkans vir Diggers tydens die tweede helfte was nie. Theos het naamlik in hierdie veertig minute 14 punte aangeteken teenoor Diggers se drie.

### ANDER WEDSTRYDE

Die Navy het weer eens getoon dat hy 'n staatmaker is. Diggers het met 'n strafskop 3 punte aangeteken en Navy het met 11 punte klaargemaak.

Die O.19A sal moet opskud as hulle vanjaar nog van plan is om voetbal te speel. Die feit dat hulle 8—6 verloor het is nie iets om oor te huil nie, maar die gehalte spel wat gelewer is, is wel.

Die O.19B het 6—3 gewen.

Die ,,Fires" en ,,Tekkies" se neerlae van 8—3 en 20—0 kan nie juis as ongelukkig beskou word nie. Ons verwag egter nog groot dinge van hulle.



DEWEY DE WET, Voetbalkaptein.

## GESLAAGDE ATLETIEK-BYEENKOMS

Volgens prof. Smith was die onlangse Inter-fakulteits - atletiekbyeenkoms die mees geslaagde wat hy vir baie jare op die P.U. gesien het.

Hoewel skitterende prestasies nou maar eenmaal nie gelewer is nie, het die belangstelling heeltemal daarvoor vergoed. Die groot aantal inskrywings wat ontvang is, toon hopelik op nuwe lewe in die klub — iets waaraan daar sekerlik 'n dringende behoefte bestaan.

Ons wens mnr. Billy Duvenhage geluk met die geslaagde byeenkoms en sterkte vir die toekoms.


**PRESIDENT CAFE**
**FOR:**

- **SWEETS,**
- **GRILLS**

**and**

- **COOLDRINKS.**

**Groenpunt-Kafee**
**Von Wiellighstraat,**
**vir:**
**Vars, Smaaklike VRUGTE en GROENTE.**

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
**Kerkstraat 102 — Telefoon 855**
**POTCHEFSTROOM.**